DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU
DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS AND FORESTRY
LEFAPHA LA METSI LE DIKGWA
UMNYANGO WEZAMANZI NEZAMAHLATHI

RESIDENSIEGEBOU/BUILDING, SCHOEMANSTRAAT 185 SCHOEMAN STREET, PRETORIA

DW1

F (012) 326-1780 326-2715 323-4472
E-

P/B X313
PRETORIA
0001

L.E. Makgeru
336-8474
12/2/X203/94

DVK 88.DOC
Voorsitter
Laer-Kaap Besproeiingsraad
Posbus 382
**MALELANE**
1320

2001 -03- 13

AANDAG: Mnr. H.A. Kotze

Meneer

**DAMVEILIGHEIDSWETGEWING INGEVOLGE HOOFSTUK 12 VAN DIE NASIONALE WATERWET, 1998 (WET 36 VAN 1998) SAAMGELEES MET REGULASIES 4, 5 EN 6 SOOS GEPUBLISEER IN GOEWERMENTSKENNISGEWING R.1560 GEDATEER 25 JULIE 1986: NAVRAAG OOR KONSTRUKSIE VAN DIE VOORGESTELDE LOW`S CREEKDAM OP GEDEELTE 1 EN 2 VAN DIE PLASE ESPERADO 256 JU EN ESPERADO ANNEX 222 JU, DISTRIK BARBERTON**

## A. BELANGRIKE KENNISGEWING: NASIONALE WATERWET, 1998

Let asseblief daarop dat ingevolge artikel 163(4) van die Nasionale Waterwet, 1998, is die Regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing R. 1560 van 25 Julie 1986, steeds van krag totdat dit amptelik deur kennisgewing in die Staatskoerant deur die Departement herroep word. Die term "lisensie" het dieselfde betekenis as "permit", soos gebruik in genoemde Regulasies.

## B. VEREISTES VIR DIE BOU VAN DIE VOORGESTELDE DAM

1. Die klassifikasie gedateer 13 Junie 2000 verwys.

2. Geliewe skriftelik aan te dui wat u voorneme is in verband met die bou van die voorgestelde dam. U aandag word gevestig op regulasies 4, 5 en 6 van bogenoemde regulasies wat volgens Wet nagekom moet word. U mag met geen bouwerk begin nie, alvorens u in besit is van 'n geldige lisensie om te bou uitgereik deur die Damveiligheidskantoor

3. Indien u nie van plan is om die dam nou te bou nie, dan rus die onus nog steeds op u om die Damveiligheidskantoor **skriftelik** daarvan in kennis te stel.

U samewerking word waardeer.

Die uwe

Mgeneevald

*w* DIREKTEUR-GENERAAL

Afskrif aan: Streekdirekteur: Mpumalanga